October 2023

# 61 Mech Monthly

# 61 Meg Maandeliks



Alpha Kompanie 1983/84 Reunie

B Oktober 2023

Alpha Kompanie 1980 Reunie

Die 61 Meg Mesmaker

# In Hierdie Vitgawe

Club Omuthiya	3
Klub Omuthiya - Senior Veterane ontbyt 14 Okt	4
Newsworthy / Nuuswaardig Oktober	6
Alpha Kompanie 1983/84 Reunie	6
Wellington 16 Oktober	8
Golf-/Delta-/Alpha Kompanie 1980 Reunie	9
61 Riders on the Go 21 October	11
Pantser Museum 21 Oktober	11
Bostoe Oktober 2023	13
Die 61 Meg Mesmaker	14
The 61 Mech Diaspora Part 3 Regiment De La Rey	26
Diensplig VS Staande Mag DEEL 4/6	29

Alle 61 Meg lede word hartlik uitgenooi om toepaslike artikels in te stuur vir publikasie in hierdie maandblad. Kom ons hou saam hierdie publikasie lewendig.

All 61 Mech members are cordially invited to submit relevant articles for publication in this monthly magazine.

Let's together keep this publication alive.

lotterdh@gmail.com

# Club Omuthiya



Club Omuthiya, located at 1 Special Service Battalion in Tempe, Bloemfontein is a Veteran Social Club that stands apart from any other in the South African military. It is the only known Veterans Club hosted within an active military unit. Established with the vision to bring South African Military Veterans together for a social outing, the Club holds a "Bring & Braai" event monthly on the Thursday evening of the first week of the month, which has become highly popular over the years.

The Club works to extend its boundaries by actively seeking out opportunities for its members. In this pursuit, Club Omuthiya has been a platform to promote the work of authors who write military books and novels. Though forming relationships is a major priority for the Club, it is also aimed to create awareness amongst the Veterans in the community. In the armed forces, commemorative parades are important events that pay respect and honour to military veterans and those who have served our country in times of war and peace. At Club Omuthiya we are passionate about ensuring that these parades remain an integral part of the military culture.

These ceremonies provide a meaningful way for us to show our respect and gratitude to the heroes that have fought for the freedom of our nation. The club is determined to preserve and protect the legacy of these parades for future generations, and we are continuously trying to improve the quality of these ceremonies. Club Omuthiya strives to be a 'family house' for its members. Its mission is to build trust and fellowship between members, deepen friendships, and provide a safe venue.

Additionally, the club attends other parades that are organized by fellow veteran organizations. Attending and participating in these parades allows us to support and appreciate our fellow memberships and remain active in the veteran community.

The club is determined to preserve and protect the legacy of these parades for future generations, and we are continuously trying to improve the quality of these ceremonies.

The friendships developed by soldiers are deep and lasting. Through times of war, service and even tragedy, one can always find another person to rely on, turning to them for comfort and support. It is in these relationships that we find new perspectives, learn valuable life lessons, and develop resilience.

Strong friendships can be found in the camaraderie of soldiers. Everlasting relationships can be made in the shared experience of danger and uncertainty. Club Omuthiya provides the perfect setting to build these bonds, creating strong, supportive friendships that can remain for years. The strength of these bonds solidified in the military are a testament to the power of lasting bonds.



# KLUB OMUTHIYA -SENIOR VETERANE ONTBYT 14 OKTOBER





14 October 2023

# 90 years +





















# Newsworthy October Nuuswaardig Oktober

# Alpha Kompanie 1983/84 Reunie

Operasie Askari - Alpha kompanie Veterane asook Dique se drywers se reunie te Qwantani langs die Sterkfontein dam.

### David John Barry Remember

On 04 January, we were at about 800 meters out from entrenched forces, with our vehicles in staggered formation about 10 meters apart with the 90mm anti-tank vehicles about 20 meters in front of the 20mm troop carriers, when we started drawing heavy small-arms and mortar fire, dominantly onto the right hand side of the vehicle, where Steenkamp, Heyns and myself were deployed. We retreated off the roof and into the vehicle, closed hatches and squared off at the rifle ports to look for targets to engage. The small-arms fire was extremely heavy - the noise sounding like hail was incredible.

Our engine tone increased as our vehicle veered to the right under orders to close the gap left by the retreating vehicle, as well as the order that came over the intercom, to "get ready to get out" (a warning that disembarking and engagement in close-order combat was imminent). I placed my hands on my 7.62mm MAG (belt-fed medium-machine gun) preparatory to vacating the vehicle. For some inexplicable reason, I decided not to load the weapon, as was standard practice, but rather to wait until I hit the ground outside. At that instant, there was an overwhelming blast through our right front door that knocked me out and threw me onto my side.

I woke up an indeterminable time later, lying on my side with my arm hanging over my head. There was a deadly silence with impenetrable coloured smoke filling the vehicle. The 100mm projectile fired from a Russian-made T55 tank had penetrated the door, and in the process had exploded 20 smoke grenades that had been hanging there. A swirl in the smoke cleared vision minimally and I could see my right index finger hanging from a thread in front of my face about 100mm lower than where it should have been. I used my bloodied left hand to stick the finger back on, and to hold it in place.

I discovered later that the wound had been cauterized by the molten copper nugget, and as there was no blood-flow, the finger was lost. Had I elected to cock my weapon, I would have had to move to my seat on the bench, possible putting me is the path of the blast, and definitely putting my head in line with the marble-sized piece of molten copper that took off my right index finger and then embedded itself 75mm into my left hand between the first two fingers.







# Eugene Liebenberg

Ek het te hore gekom dat David John op sy bucket list gehad het dat hy graag 'n 61 Bedrewendheids kenteken (Geel Messie) wou hê. Ek het besluit dat ek hom sou verras en vir hom my messie sou gee. Ek het die 700 km (waarvan 42 km grondpad was) met my motorfiets aangepak. Ek het David John se messie oorhandig.



# **Wellington 16 Oktober**









#### Roland de Vries

Sixty seconds worth of distance run .... It was an honour and privilege to could have spent some quality time with our military veteran friends and their families in Wellington on 16 October. These are people I truly care for. They do so much for their fellow veterans, which is truly commendable. Thank you so much for the invitation and the friendships we could share. My gratitude reaches out to the Komesho Shellhole of the MOTHS of Wellington together with our 61 Mech colleagues from the Western Cape. Keep on keeping on in Faith



# Golf-/ Delta-/ Alpha Kompanie 1980 Reunie

#### **VINCE ASLETT**

Ons was die 1980 Julie inname wat destyds na 5 SAI toe opgeroep was. Daar het 'n werwing groep opgedaag wat troepe na 1 SAI, Bloemfontein toe wou werf. Ons het toe vrywillig oorgeskuif na 1SAI toe, en het in Akkedisdorp as Gholf Kompanie, onder Maj Roets beland vir Basies en tweede fase opleiding, waarna ons na De Brug toe geskuif het vir 3de fase. Kaptein Thomas Dryer was ons Komp Bev, en Luit Neels Nel sy 2IB. Ons KSM was Sersant Wilhelm Herbst. Ons het op De Brug Delta Kompanie geword.

Ons is ingedeel by Veggroep 20, onder Kmdt Dippenaar vir Ops Protea. Neels Nel was destyds op kursus, en Kaptein Louis Harmse was ingedeel as Maj Leon Marais se 2IB.

Gedurende Ops Protea is G Stapelberg en F C Smit op dag 1 se aanval op Xangongo noodlottig gewond, en Kaptein Louis Harmse die tweede dag in 'n loopgraaf insident.



2019




2023

Ons is na Ops Protea ingedeel by 61 Meg as Alpha Kompanie, onder Kmdt Roland de Vries as 61 Meg se bevelvoerder.

G Myburg is te 61 Meg noodlottig gewond in 'n 20 mm skiet ongeluk gedurende 'n propaganda fliek wat gemaak was oor die trefkrag van 'n Ratel.

Ek het in 2017 vir die eerste keer 'n reűnie gereel, en ons het daarna nog elke jaar bymekaar gekom. Een van die manne, Johnny Duvenhage, het 'n plek begin tussen Pretoria en Britz, met die naam van John Rock 4x4, en dit het toe ons permanente bymekaarkomplek geword. Ons het 'n gedenksteen laat maak, wat permanent sy staanplek daar gekry het. Elke jaar waneer ons bymekaar kom, hou ons 'n klein gedenkdiens en hierdie jaar was die eerste keer om die krans te lê.

Leon Marais, Neels Nel en Harry van Staden woon elke keer by en Thomas Dryer so nou en dan. Harry van Staden het die reeling oorgevat, asook die "Naked Cheff" wat sorg dat die manne genoeg kos kry.















# **61 RIDERS ON THE GO 21 OCTOBER**







# **PANTSER MUSEUM 21 OKTOBER**









Albertus Venter

Dankie aan Pantserskool wat hierdie moerse lekker dag aangebied het. Dit het 'n mens se kop weer op ver draaie laat terug stap op ou voetspore. Ek en Elke Botha het ou maats raakgeloop en sommer 'n gross nuwe pelle bygekry.

# Interessante Staistieke oor 61 Meg Lede op FB Groep - Gone but never forgotten

9% Vroulik 91% Manlik

#### **Ouderdom**

3% = 25 - 34 5% = 35 - 44 26% = 45 - 54 61% = 55 - 6415% = 64 +

#### Global Distribution

South Africa - 7,081 Namibia - 223 United Kingdom - 221 Australia - 206 United States -168 New Zealand - 91 Canada - 29 Netherlands - 20 Germany - 19 Ireland - 17

#### Local Distribution

#### Top towns/cities

Cape Town - 791
Pretoria - 673
Bloemfontein - 315
Centurion - 229
Port Elizabeth - 203
Durban - 167
Roodepoort - 162
Johannesburg - 151
Boksburg - 117
Alberton - 116

# Reunie Ops Hooper 37/33 7 Oktober













#### **REUNIE OPS HOOPER 87/88**

Freddie Arnold

Byeenkoms op plaas. Baie dankie vir elkeen se bydrae vir die groot sukses van die naweek, sonder jul sou dit nie moontlik gewees het nie,

Sean Smuts, baie dankie vir jou groot skenking aan ons ouens vir die naweek, ons waardeer jou opreg, Theuns Goosen dankie aan jou ook vir die mooi kepse en golf hemde, dit lyk netjies. Dankie aan my vrou en kinders vir al die lekker kosse, snacks, slaaie, als was net lekker.

geniet saam jou en jou vrou.





Dankie aan elke ou en sy vrou wat dit bygewoon het, dankie aan jul ook, en die wat dit nie kon maak nie, weet jul was saam met ons, maar volgende jaar soek ons almal daar. Dankie aan Kommadant Cassie Schoeman wat ook sy tyd vir ons afgestaan het, ons almal het dit so

Dan laastens en belangrikste dankie aan onse Grote Vader wat ook die naweek moontlik gemaak het, dankie dat U die manne veilig op die pad gehou het en weer veilig weer terug besorg het by hul bestemmings. Dankie dat U ons beskerm het deur die naweek, en dat die naweek so groot sukses kon wees.





# **Bostoe Oktober 2023**

#### Andre van Tonder

Ons Bostoe groep was nou weer by Ratel 72. Die bos is besig om hom toe te groei Dit was 'n gespook om te voet daar te kom. Verlydend was dat ons kruis van 2017 nog bo in die boom is en nog 'n paar ander kruise. Daar is nou 'n massiewe bedryf in Angola met scrap metal.... hopelik omdat hy sover weg lê en onbekend is sal hy dit oorleef.











# Die 61 Meg Mesmaker The 61 Mech Lnife Maker

Knife making is the process of creating a knife using different methods like removing excess material or shaping and joining metal layers. The most commonly used metals are carbon steel, tool steel, and stainless steel. In the past, other materials like bronze, copper, brass, iron, obsidian, and flint were also used to make knives.

Tydens 'n opname van belangstelling in verskillende tydsverdrywe onder 61 Meg veterane het getoon dat elf lede die tydverdryf van mesmakery bedryf, sommiges as professionele mesmakers, en ystersmede terwyl ander dit beoefen suiwer uit die skeppende drang om 'n mooi mes te maak. Die volgende paar uitgawes ondersoek die kuns van mesmakery soos bedryf deur ons 61 Meg Veterane.

Die mes as simbool van 61 Meg is reeds in detail bespreek in die 61 MVV Kwartaal Joernaal van Desember 2022.

Opsommenderwys: Die dolk op die eenheid se swart skild simboliseer die elemente van vaardigheid in wapens, moed en dapperheid op die slagveld. Die dolk verwys ook na die 61 Meg se krag om die doelwit binne te dring en deur die doelwit te veg.



So ook is die 61 Meg se *Operasionele Identifikasie Embleem*, ook bekend as die "61 Meg Balkie" volledig in die genoemde publikasie bespreek.



Die eerste mes wat doelgemaak was, is deur Bravo komp 1987 laat maak. Die volle verhaal is reeds geplaas in die 61 MVV Kwartaal Joernaal van Augustus 2022.

Kortliks: Die top mesmaker Dr. Conrad Pienaar van Bloemfontein is getaak om 'n unieke dolk te vervaardig. Na afloop van Ops Modular het Maj Lotter die dolk in ontvangs geneem. Weens die uitmuntende wyse waarop Kmdt Bokkie Smit sy subeenhede die eenheid aangevoer het met spesifieke verwysing na Bravo kompanie en Tenkafweer het die leiergroep en die troepe kommitee eendragtig besluit om die dolk as persoonlike dankbetuiging aan Kmdt Smit te skenk.

Op 9 Desember 1987 tydens die uitpasseringparade te Tsumeb is die geskenk aan hom oorhandig.



# 61 Mechanised Battalion Group OC's Knife



The 61 Mechanised Battalion Group OC's Knife was introduced by the 7th Commanding Officer, Cmdt Gerhard Louw, in 1991.

This knife was passed on to his successors.

The 61 Mech Veterans Association decided to make 61 exact replicas of the knife. The knives are made by Frik Kruger – a member of the Knifemakers Guild of Sothern Africa.

The specifications for the knives are:

Blade Material: N690 Stock Thickness: 5mm

Knife Total Length: 377mm Knife Blade Length: 247mm Blade Hardening: 58-60 RC

Handle Material: African Blackwood (Black

Ivory) with Brass Insert

Guard & Guard: 304 Stainless Steel

Tang: Through Tang

Sheath: Cow Leather Hand Stitched

Case Option: Hand-made form African Wood

with Brass Fittings at additional cost.

The first 11 knifes will have the Battalion Group's Emblem on the front and on the back the name of the specific OC. These knifes will be sold/raffled off in due course.

Knives no 12 to 61 will be sold to members and friends of the 61 Mech Veterans Association. It will have the 61 Mech Veterans Association Logo on the front and on the back the buyer can add his name.

#### Price:

Knives numbers 12 – 61 = R7,000 which includes engraving and economy courier delivery in South Africa. 50% Deposit payable on order.

Optional extra – Wooden Case R900

Contact Information: admin@61Mech.org.za

All Profits to the 61 Mech VA Buddy Fund









Advertisement
Kindly support the supporters of 61 MVA

BusinessPrint is a state-of-the-art printing company founded on honest hard work, excellence and love for print. Situated in Silverton Pretoria, we specialize in the printing and finishing of packaging products and commercial materials.

Our vision is "Meeting Expectations". We strive to meet this by understanding your expectations and then following through by providing premium solutions and services.

We stand behind the quality of our products and services. Our team is driven by growth and keeping up to pace with the advancing industry ensuring that you get world-standard products.

Contact Details
318 Derdepoort Road, Silverton, Pretoria 0184
Phone: 0861 42 42 59 / 012 843 7600
Email: hello@businessprint.co.za www.businessprint.co.za



# Frik Kruger - Vlymskerp

Frik Kruger het sy kinder en skooljare deurgebring in Amsterdam, Mpumalanga. Hy het sy militêre diens verrig as lid van die SA Leër se Artillerie Korps. Hy is gesmeë uit die erts van 14 Veld Artilerie Regiment. Hy dien as staandemag lid vanaf 1973 tot 1980. Hy het deelgeneem aan Operasie Sceptic waar hy die Arty Troep Bevelvoerder was en toegedeel was aan Vegspan 1 (Maj Paul Fouche) van 61 Meg. Gedurende 1981 en verder kwalifiseer hy as 'n ingeneur en volg 'n loopbaan in onder andere SASOL en Anglo American.

\*\*\*

My knifemaking career started during 2000. While on a fishing trip, I picked up a knife next to the dam where we were fishing, with a horrible handle fitted to it. I went to a friend of mine who was making knives in his spare time for some advice to fit a proper handle.

On completion of this knife, he gave me a piece of N690 and said that I must make my own knife. Eventually after I decided on the design of the knife that would fit on this piece of steel, I started with the hard work with very little assistance from my friend (I used his belt sander). After many hours and days I completed the knife and was from then on totally hooked on knife making.

I have been making knives since then on a part-time basis. I attended courses from well esta- blished and renowned knife makers i.e.; Fixed Blade and Linerlock Folding Knives at Herbst Knife Academy, Introduction to Blades, Smit-hing, and Damascus courses at Heavin Forge, Linerlock from Jan Hendrik Viljoen, and Advanced Damascus from Henning Wilkinson. I have received many orders for my knives.

Frik het einde Desember 2015 afgetree en vanuit sy tuis werkswinkel in plattelandse dorpie Northam, Limpopo kon hy sy passie vol-uit leef. Hy doen ook 'n kursus by Kevin Harvey oor die maak van Damaskus-staal. Dit het hom so meegevoer dat hy die nodige aanvulling tot sy reeds goed toegeruste werksateljee gedoen het en hom in staat gestel het om Damaskus staal op sy eie perseel te smee. Sy ateljee was toegerus met 'n kraghamer en 'n 25-ton-hidrouliese pers.

Gedurende 2021 word hy as lid van die "Knifemakers Guild of Southern Africa" toegelaat. Gedurende 2023 verhuis hy na Rustenburg en sit sy mesmakerskuns vandaar voort. Hy moes egter tot sy spyt sy kraghammer opoffer weens die geraasfaktor: "Ek het nie meer 'n kraghamer na ek Rustenburg verhuis het nie want die mense sal my uit die dorp gooi met die doef doef in 'n woonbuurt."

Deur die verloop van baie jare het hy kunstige tog praktiese messe (net meer as eenduisend) vervaardig en sy kunswerke is bekend aan vooraanstaande mesmakers en versamelaars regoor die wêreld.



Lt Frik Kruger - Middel agter.

\*\*\*

# Frik se Studio Frik's Studio

My werkswinkel in Rustenburg. Julie 2023

Agt maande gevat om te orden. Maar nou is elke ding op sy plek.









# Frik se Proses Frik's Process

Creating a knife is a delicate process that requires immense concentration and an appreciation for detail. Whether you are creating a knife for your own pleasure or for a collector, there is an important process to follow to ensure the finished product is both practical and aesthetically pleasing. Here are some steps to consider when making a custom knife.

- 1. Choose your knife pattern and design. This is the first step in the knife-making process as it will determine the overall look of the knife. Consider the purpose of the knife as well as the knife blade shape, size and handle material.
- 2. Carefully select and order your materials. You need to have the right metal alloy and handle material to craft a sturdy and durable knife. Research online or consult with a knife expert when ordering your materials.
- 3. Lay out the pieces for the knife. You need to begin with a plan for the knife, including the precise measurements for the blade, tang and rivets. Once the pieces are laid out in order, it's time to begin the grinding process.
- 4. Grind and hone the blade. This includes filing the blade down to the precise size and honing the blade to remove any sharpness. A sharp edge is important for a functional knife, however, you want to ensure it does not have too much or too little sharpness.
- 5. Assemble the pieces. Once the blade is ground and honed, it's time to fit the parts together. This involves attaching the blade to the tang, shaping the handle and attaching the pommel.
- 6. Polish the steel and handle. Polishing the blade will give your knife a beautiful finish. To finish off the handle, you may want to engrave, paint, or even carve the handle for a personal touch.

7. Sharpen and test the knife. The blade should be sharpened with a whetstone or belt sander and then tested with paper or wood. After testing the knife, it should be honed again to get the perfect edge.

Creating a knife is a lengthy process, and is not for the faint of heart. By following the above steps, you can create a beautiful knife that will last a lifetime.







Soms gebeur onverwagse dinge tydens die proses.

Byvoorbeeld: Hierdie mes 4mm N690. Die staal was verhard en getemper voordat enige grindwerk gedoen is. Die lem was gelaser cut. Terwyl ek besig was met die hollow grind het ek die kraak opgelet soos op die eerste foto. Ek kon niks aan die anderkant op daai stadium

sien nie. Het toe voort gegaan om die anderkant se hollow grind te doen en toe gesien dat die kraak regdeur is (tweede foto). Wat egter verbasend is dat vanaf die punt van daai kraak kan ń baie duidelike baie fyn kraak waargeneem word. Daai kraak wys nie op die anderkant nie. Moontlik 'n defek in die staal. Die ander lemme wat ek reeds gedoen het wys geen defekte nie.





Kindly Support the 61 Mech Businessman Ondersteun asseblief die 61 Meg Besigheidsman

### Cape Lumber Marketing

CAPE LUMBER MARKETING - 021 879 5042 / 0713534261
PINE LAM BEAMS / PAR / VA Treated - EX STOCK !!

46 x 231mm / 46 x 297mm 70 x 231mm / 70 x 297mm / 70 x 363mm 106 x 297mm / 106 x 363mm Customised beams are made to order in Pine and / or Saligna.

Lengths 6.0m - 12.0m (600mm increments)

**DENIS COYNE** 



# Frik se Vertoonkas Frik's Showcase



Bushking 2021



Hierdie linerlock gemaak onder leiding van Ettienne Vorster.

Gravering met laser - deur myself.
Lem - Sandvik 14C28
Liners en rug - Blou anosized Titanium.
Bolsters - Titanium anodized in twee kleure
bruin en blou.

Hef materiaal - Olifant ivoor. Hout kissie - American walnut gemaak deur Franky Pautrot.



Hunter 2018





Uitgestal by die Rustenburg Boeremark.



2020

Hierdie mes gemaak van die eerste twist pattern Damascus wat ek gemaak het. Dit was n hele klomp jare gelede en die staal het maar in die kas gelê. Toe ek hom nou die dag weer ontdek toe besluit ek dit is tyd dat hy nou n mes moet word Ek was maar skrikkerig vir die twists en was bang dat ek draai hom af. So hy het maar n baie lae twist op hom. Die Damascus het egter baie mooi uitgekom.



Die messe wat ek tydens die Covid 19 Lockdown klaar gemaak het.



2017





Damascus Warthog skinner gereed vir aflewering. Houtkassie gemaak van rooshout en skede beesleer met volstruis leer insetsel 2017





Die Kukri het brass guard en pommel en hef is swart ivoor met wit en swart G10 liners en corian bone insert. Die lem is taper vanaf 4.5 mm by ricasso na 1 mm op die punt.



Steel used 80CRV2 cold blued with Birchwood super blue. Handle is carbon fibre with red G10 liners and with one mosaic and two stainless steel pins. Sheath made from cows leather.



Die staal is 80CRV2 met spieël weld afwerking en daarna "geblue" is met Birchwood super blue. Die hef is "carbon fibre" verskaf deur Chad Reed van Advanced Composite Solutions met rooi G10 liners. Mosaic pin met rooi resin verskaf deur Zee,s Knife Supplies en 303 stainless steel pins.



14 Vd Regt K-bars





Die kettingsaag skakels Damascus mes



Die lem is cannister damascus, met bronze guard en spacer. Hef is maple burl met ivoor spacer en rooi G10 liners. Pommel is van ivoor.



Crocodile Dundee



Tanto Tactical Fighters



Belly ripper





We Wore Browns Veterane Fonds Veiling



# Die Mesmakersgilde van Suidelike Afrika

Die Mesmakersgilde van Suider-Afrika is in 1980 gestig as 'n manier om die vaardighede en kunsvlyt van handgemaakte messe te bevorder, asook om standaarde te stel waarop die publiek kan vertrou.

Mesmakers streef om lid van die Gilde te word want dit gee erkenning aan hulle vaardighede en bied toegang tot 'n eksklusiewe groep vakkundiges. Die Gilde skou word jaarliks in Johannesburg gehou en geniet internasionale deelname. Tydens die skou wedywer die mesmakers se produkte met mekaar. Hulle kan ook hulle messe hier vir verkope aanbied en behaal oor die algemeen baie goeie pryse.

Kopers word beskerm deur die Gilde se kwaliteitswaarborg. Lede mag die Gilde se logo op hulle messe aanbring en sertifikate uitreik wat hulle produk se oorsprong bevestig.

Messnede wat aansoek wil doen om lidmaatskap van die gilde, moet vyf messe indien vir beoordeling, waarvan een 'n stewelmes of dolk moet wees wat volgens voorge- skrewe ontwerp gemaak moet word. Minstens een mes moet ook van eie hand- gemaakte Damaskusstaal wees. Een van die messe word getoets deur daarmee twee keer 'n dakbalk te kap, waarna daar geen skade aan die snyvlak mag wees nie en dit steeds skerp genoeg moet wees om arm-

hare te kan skeer. Daama moet dit tot ongeveer 90 grade kan buig sonder om te breek.

Frik Kruger het sy aanvaarding as lid verkry deur die suksesvolle evaluasie van hierdie messe.



# The 61 Mech Bn Gp Diaspora Part 3

# REGIMENT DE LA REY

Die term "diaspora" stam uit 'n antieke Griekse woord wat die verskynsel van verstrooiing aandui. Dit beskryf die optrede van mense wat aan 'n diaspora behoort akkuraat. Terwyl hulle van hul geboorteland na verskeie plekke regoor die wêreld versprei, bevorder en deel hulle terselfdertyd hul kultuur na die plekke waarheen hulle verhuis.

#### Analogie van 61 Meg Bn Gp.

Net soos die wind wat wakker word en verjonging bring soos dit voortbeweeg, was die dae van die 61 Mech Bn Gp se baanbrekerstyd gevul met geleenthede. Vir die nasionale dienspligtiges wat gelukkig genoeg was om in die etos van die eenheid se strawwe opleiding te kon gaan, het 'n nuwe uitdaging gewag. Sodra hulle hul nasionale diens voltooi het, is hulle aan burgermagregimente toegewys. Die Regimentsmag het van die mees bekwame en gevormde jong soldate in hul geledere verwelkom. Hierdie soldate het hul kundigheid, top-opleiding en waardevolle gevegservarings saamgebring, wat die regimente by wie hulle aangesluit het, verryk het.





Among many others, the following 61 Mech members served with Regiment Groot Karoo (Poll on 61 Mech Facebook Group on 13 July 2023).


Stelios Moraitis, Gavin Forster, Johan Pretorius, Jaco Smith, Edu Roux, Deon Bester, Sarel Coetzee, Anthony Robinson, Nico van Rooyen, Hennie Strauss, Steve Van Der Merwe, Wynand Swart, Killik Saaiman, Marius Du Preez, Ian Harrison, Gerhard Vos Naude, Gert Louw, Neels Viljoen, Jan Tekkies Vermeulen, Henry Barnard, Vaughn Hutton, Bertus Els, Theron Pienaar, Ferdi Bam, Fanie Cronje, Deon Sebastian Lamprecht, Christo Tokkie Ferreira, Francois Kroukamp, Chris Coetzee, Gert Jacobus Agenbag, Gert van der Merwe, Mike Gorrie, Nico Esterhuyse, Willem Hayden, Mattheus Strydom, Henk Visser, Jan Ludick, Ian Loubser, Frans Cronje, Neil Harlow, Johnny O'Neil, Morkel Combrink. ......

Regiment de la Rey was established in 1934 RDLR was enlisted for full-time duty on 18 Juas one of the new Afrikaans language Citizens ly 1940. Due to the fact that the commanding officer, Lt-Col (later Brig) H P van Noorden, was regimental badge depicts a lion's head, in memleading a battalion of the Field Force Brigade, ory of Boer General JH de la Rey, the Lion of the West after whom the regiment is named.

Before the Second World War, battalion headquarters were at Rustenburg in the Transvaal. The unit had company headquarters at Potchefstroom, Klerksdorp and Ventersdorp, with a support company at Brits. The regiment was affiliated to the Northamptonshire Regiment of the British Army.

ly 1940. Due to the fact that the commanding officer, Lt-Col (later Brig) H P van Noorden, was leading a battalion of the Field Force Brigade, command of the regiment was transferred to Lt-Col WD Basson. The regiment was merged with the Witwatersrand Rifles Regiment. After receiving training in Egypt, the newly formed unit, Wits-delaRey (WR/DLR), gained recognition as skilled motorized infantry of the 12th Motorised Brigade in the 6th South African Armoured Division in Italy in 1944–45.





During the majority of the Italian campaign, Lt-Col Jack Bester was in command of RDLR until he was chosen to lead the newly formed 13th Motorised Brigade. The regiment stood out for its achievements, particularly in capturing Allerona on June 15, 1944, battling on Monte Querciabella and Monte Fili, and crossing the River Greve in July 1944. WR/DLR were the first to reach Monte Stanco in the Apennines in October 1944 and had a remarkable success in the final offensive in Italy by capturing Monte Caprara on April 16, 1945. The regiment suffered heavy casualties, with 119 soldiers killed, 576 wounded, and 17 reported missing in action during the Italian campaign.





On 1 January 1960 the regiment was renamed Regiment Wes-Transvaal with headquarters at-Potchefstroom. After objections and strenuous efforts it resumed its original designation as-Regiment De la Rey on 1 September 1966.

#### The Bush War

The regiment took part in the South African Border War, which was also known as the Namibian War of Independence. This conflict occurred between 1966 and 1989 in South-West Africa and Angola. It involved South Africa and its allies, mainly UNITA, against the Angolan government, SWAPO (South-West Africa Peoples Organisation), and their supporters, the Soviet Union and Cuba.

Operation Hooper, which involved members of the Permanent Force and National Service, officially concluded on March 13, 1988. The call-up of Citizen Force provided new troops to the SADF-UNITA force, which was assigned to remove the Peoples Armed Forces for the Liberation of Angola (FAPLA) from Cuito Cuanavale. This influx of fresh troops facilitated a smooth transition into Operation Packer. The goal of this operation was to push the combined FAPLA/Cuban force back to the west bank of the Cuito River.

The primary assault force which was to 'drive the enemy' out of Tumpo consisted of 13 Olifant tanks with crews from Regiment President Steyn, a squadron of Ratel 90's from Regiment Mooirivier (RMR), a mechanised infantry battalion from Regiment de la Rey and from Regiment Groot Karoo, three companies from 32 Battalion, three UNITA regular battalions and two semi-regular UNITA battalions plus a number of other components.



#### The SANDF Phase

The regiment is one of only six mechanised units in the SANDF Reserve Force. 1 RDLR took part in the 50th anniversary parade of Regiment Mooirivier in Potchefstroom on 23 July 2004. 2 South African Infantry Battalion, situated in Zeerust, deployed to the Democratic Republic of the Congo (DRC) from October 2005 to May 2006. A full company of 1 Regiment De La Rey (1RDLR) deployed with them.one mortar platoon 1RDLR - under Lt Col B. Schoeman. In August 2019, 52 Reserve Force units had their names changed to reflect the diverse military history of South Africa. Regiment de la Rey became the General de la Rey Regiment, and had 3 years to design and implement new regimental insignia.



# REGIMENT DE LA REY CONDUCTS SA ARMY YOUNG LION PROGRAMME 2018

The SA Army Young Lions Skills Development Programme was started in 2009 by the Chief of the SA Army. Its purpose is to promote discipline, adventure, skills development, and training among selected youth from different schools. This program also supports the annual recruitment of the South African National Defence Force (SANDF) for Military Skills Development. Regiment De La Rey, under the SA Army Infantry Formation, is responsible for organizing and coordinating the Young Lions Programme. They have also launched an outreach program to encourage school-going youth to join the SANDF. The goal is to identify young individuals with the right qualifications to participate in the rural development program (Operation Koba-Tlala) or join the Military Skills Development System after completing grade 12.

Kindly Support the 61 Mech Businessman Ondersteun asseblief die 61 Meg Besigheidsman



# Diensplig VS Staande Mag Brig-Genl Tony Savides se Siening

# 'n UITSIG VANUIT DIE OORKANT: DEEL 4/6

Onthou asb dat alle menings, kom-mentaar ens, deur hierdie reeks myne is, en myne alleen. Versko-ning word steeds aangebied vir die gebruik van kru taal (al is dit toe-paslik!)

T Savides

Radaksie Nota: Fotos en sketse in hierdie artikel is vir illustrasie doeleindes ingevoeg en die oorspronklike bron aangedui waar bekend.

# My aandeel in die Grensoorlog

Soos vroeër vermeld, is een van die drie grootste teleurstellings van my militêre loopbaan die feit dat ek maar min operasionele ondervinding opgedoen het. Ek het wel, soos vele ander, die gebruiklike operasionele dienstydperk, insluitend Kersfees, "op die grens" deurgebring.

Ek is by Sektor 10 HK ingedeel waar ek darrem af en toe geleentheid gekry het om as aflos te ontplooi, en was ek ook die grondelement bevelvoerder van Vos Benade se heli-gelande kompanie tydens Op Rekstok in 1979 – een van die minder-suksesvolle operasies (omdat die vyand nie saamgespeel het nie en eerder weggebly het).

Ek was ook 'n waarnemer saam met Dippies se Veggroep 20 tydens Op Protea in 1981. Tydens Op Moduler in 1987 was ek Lt Genl Kat Liebenberg se PSO en het ons vir 'n paar dae besoek gebring aan die HK in die Mavinga omgewing waar hy en Genl Geldenhuys gesprek gevoer het met Savimbi en sy staf. Ek is egter dit gespaar wat soveel van ons magte tydens Moduler en wat gevolg het moes meemaak, ook wat my eenheid se manne in verskeie operasies in 1980 en 1981 ondervind het

Ek vertel graag "war stories" maar verseker dat almal goed verstaan dat dit nie my verhale is nie, maar wat ek gehoor, gelees of nagevors het. Ek is nie 'n sg "Grensvergter" nie!

Ek is glad nie 'n militêre historikus nie, maar het 'n redelike kennis van hoe die SAW (veral die SA Leër) destyds gewerk het, en het darrem ook 'n redelike kennis van meg inf en van die Ratel IGV. Omdat ek nie persoonlik by vele operasies betrokke was nie, is ek in staat om soms 'n meer gebalanseerde en onpartydige siening van verskeie sake te handhaaf.

# Leër HK – "strafkamp te Pretoria"

As Leër HK 'n strafkamp was, was ek seker 'n masochis want ek het lank daar gedien! Baie (dalk die meeste-) SMag offisiere HET enige



tydperk by Leër HK as 'n straf beskou maar ek het my ongeveer 16 jaar by die HK terdeë geniet en kon ek die werklike "ins and outs" van die SA Leër baie goed onder die knie kry.

By 1 SAI het ek my offisiere aangeraai om so 'n "wegbreek" te neem maar daarin was nie veel belangstelling nie! Ek kon egter vir hulle die waarde daarvan bewys toe RSM Stone gekla het dat hy nie 'n bakkie het nie, en sukkel om langs die gewone kanale een te bekom – en 'n RSM sonder 'n bakkie is 'n RSM sonder een van sy gesag-simbole! Die oplossing? Ek bel my vorige "baas" by Leër HK en rig die nodige versoek. Binne in week of wat ontvang John Stone nie slegs een bakkie nie, maar twee – en nogal wit, Toyota Hi-Lux Double Cabs, wat in 1980 baie skaars en egte status-simbole was!

Alles is langs die korrekte kanale bestuur en met alle dokumentêre noodsaaklikhede in orde. AO1 Hattingh, die Kmdmt SM, was woedend (nie vir my of my RSM nie, maar vir die stelsels) en het hy ook by sy baas gekla dat hy nie so iets kon regkry nie. Op die ou end kon my RSM darrem "brownie punte" wen deur een van sy twee double cabs aan die Kmdmt SM af te staan. "The moral of the story"? Dit is nie slegs wie of wat jy ken of weet nie, maar hoe om die stelsel reg te gebruik.

Aan die ander kant, soek die MPs seker nog steeds na die twee bakkies wat aanvanklik aan hulle toegeken was!. Verder, as ek reg onthou het een van my troepe AO1 Hattingh se pragtige bakkie later gestamp!

Ek het in 1963 'n paar maande by D Plan van Leër HK deurgebring maar is daarna 5 SAI toe, gevolg deur HK Kmdmt Natal en Inf Skool. By Inf Skool is ek by die Ratelprojek ingedeel en is ek in 1977 as Ratel Projekofisier Leër HK toe verplaas . Behalwe vir twee jaar by 1 SAI en twee jaar as PSO, is ek deurgaans in projekof uitrustings-verwante poste ingedeel en het ek kennis gemaak met Krygkor en die verdedigings industrie wat ook my verdere loopbaan geweldig sou beïnvloed.

# "They also serve who only stand and wait" (Milton: "On his blindness")

Interessant genoeg, by Leër HK en veral by projekte het ek met dienspligtiges te doen gekry wat 'n besondere bydrae aan die grensoorlog gelewer het - sonder fanfare en sonder om direk aan operasies deel te neem. Soos talle ander het ek en hulle ook tot die Grensoorlog bygedra, maar op 'n ander vlak as die gevegspersoneel- en eenhede.

Ek was deel van die projekte- en logistieke omgewing wat vir die toerusting gesorg het waarsonder die operasies nie sou kon plaasvind nie. Van de beste voorbeelde hiervan is die Ratel IGV waaraan ek 'n beskeie bydrae gelewer het.

Vandat die Ratel in 1987 met aanvanklik beperkte sukses aangewend is, het die hele gevegsontwerp vir mobiele operasies drasties verander en kon ons die grondgeveg tot by die vyand in sy voor-en selfs agtergebiede in Angola neem. Die ontplooiing later van die Ratel 90, die verskeie artillerie stukke, die Casspir MBV en talle ander het ons uitmuntende gevegspersoneel in staat gestel om dit te vermag wat hulle wel vermag het.

Die rol van dienspligtiges op verskeie vlakke buite die grensgebied word selde die erkenning gegee wat hulle toekom. NDP ingenieurs, tegnici, toets drywers, wetenskaplikes en verskeie ander is intiem by verskeie projekte en by aanskaffing van stelsels betrokke. Die woorde van Milton, die blinde Engelse digter



hierbo is ook op die SMag en diensplig loggies van toepassing want hulle het wel ook gedien - maar beslis nie rondgestaan en gewag nie!

## Diensplig agter die skerms: Die "Papier-oorlog"

Daar is twee dinge wat SMag opleidingspersoneel haat: (1) enigiets (insluitend die hoër hoofkwartier) wat met opleiding inmeng, en (2) die alewige gestoei met verslae, en ander papierwerk wat eerder deur "hulle" hanteer behoort te word.

Ongelukkig is hulle (die opleidingspersoneel maar ook in hierdie geval die "hulle"! Enigiemand wat op bevels- en bestuursvlak by effektiewe eenhede gedien het sal weet dat daar amper net soveel beplanning in die voorberei-ding vir innames en opleiding gaan as in die opleiding self.

Effektiewe bestuur van so 'n eenheid is baie soos die bestuur van enige suksesvolle besigheid met afwykings, afleidings en inmenging soos sport, vryetydsbesteding, gesondheids- en beroepsveiligheid vereistes edm. Dan is daar ook die kantien, persoonlik rapporte, kursus- en ander opleidingsverslae, en wie weet wat nog.

Die meeste dienspligtiges het met min hiervan te doen gehad, behalwe waar hulle in sulke poste aangewend is. Wat "die troepe" aanbetref het hierdie admin maar alles net so van selfs gebeur "want die Army is mos 'n georganiseerde organisasie". Die administrasie van baie van hierdie aktiwiteite moes noodwendig na-ure gebeur, veral die hope verslae en ook voorbereiding vir die volgende dag se opleiding.

Die onding onder die sivvies wat as "Human Resource Management" bekend staan, hoort nie op eenheidsvlak nie. Daar is dit eenvoudig "personeelbestuur" op staf- en admin vlak, en "bestuur van personeel" op leiersvlak. Soldate is nie bloot 'n hulpbron nie! Personeelbestuur mag wel 'n hoër vlak funksie wees, maar die bestuur van personeel op alle vlakke is 'n lynfunksie, en dus 'n bevelsfunksie – en nie bloot admin nie!

Leiers het met dienspligtiges te doen gekry wie se benadering tot militêre diens tussen oorywerigheid en wanhoop gestrek het, en daarby elke moontlike grootte, vorm, geloof en huistaal. Ook, hier en daar, omtrent elke persoonlikheids-eienskappe en -afwykings waaroor studies gedoen is – en daarby 'n paar "home growns" ook!

Ons het ook met kriminele opgeskep gesit, gelukkig meestal met minder ernstige oortredings agter hulle name. Aan 'n meer ernstige vlak het ons (gans te veel na my mening) met die baie onaangename dinge te doen gekry – opleidings- en afdiens ongelukke soms noodlottige en/of met ernstige beserings, AWOLs, siektes, huishoudelike probleme van NDPs, ens.

Die Personeelafdeling het wel die meeste admin afgehandel, maar die lynbevelvorders op elke vlak moes die moreel en die motivering van die betrokke pelotons en kompanies hanteer, bestuur en hoog hou.

Dit was nie altyd maklik nie, maar uitdagings was volop. Soos tekens in operasies bewys, was opleiding oor die algemeen van hoë gehalte – nie slegs omdat daar goeie offisiere en instrukteurs was nie, maar hoofsaaklik omdat hulle ook uitstekende leiers was, en met die beste mens-materiaal met hoë vlakke van dissipline gewerk het. Die gekerm en gekla onder die troepe is betreklik vinnig deur spanwerk vervang, veral toe dit duidelik was die



die operasionele ontplooiings nader gekom het.

Vir die troepe was dit seker altyd maar moeilik maar hulle gees en moreel het hulle in die meeste gevalle deur die moeilike tye (en die moeilikhede) gedra. Een van John Wooden, die befaamde Amerikaanse basketbal afrigter se slagspreuke was "never confuse activity with achievement!" Soms het dit was die troepe as nodelose rondneukery en tydmors beskouhet, het in die meeste gevalle die uiteindelike spangees en samehorigheid gehelp koester.

Leierskap, veral militêre leierskap, berus onder andere op sulke beginsels soos: moreel, dissipline, self-dissipline, self-respek, en wedersydse respek. Op hulle beurt, en indien reg uitgeleef, lei dit tot die hoogste vlakke van moreel, samewerking, self vertroue, en vertroue in die res van die seksie, peloton, kompanie en eenheid. Waar dit aanvanklik die leiergroep was wat hierdie ideale nagestreef het, was dit die dienspligtiges wat nie slegs die onderbou was nie, maar ook die spreekwoordelike draers van

die vaandel geword het!

Dit is hierdie eienskappe en hierdie gees onder die SMag, NDPs, BMag en Komdos wat daartoe bygedra het dat die SAW die gedugste- en mees professionele mag in Afrika geword het, en een van die bestes ter wêreld!

Einde van Deel 4



### ONE OF A KIND

Baie makkers van die diensplig generasie was baie jonk. Sommige het eers agtien jaar oud geword nadat hy sy twee jaar diensplig voltooi het. So jonk soos hulle was, was hulle nie meer leeuwelpies nie, maar volwasse leeus volwaardig deel van die trop. Opgedra aan Warren Sheridan. Hy was die jongste lid van Bravo Kompanie in Operasie Modular. Hy het eers agtien geword die volgende jaar toe hy reeds sy diensplig voltooi het. Hy was jonk maar 'n ware kryger.

A warrior of a special kind Only 16 years of age With a hero's mind Beyond his youthful face

> A veteran with grace That would amaze Many older than his age On the war theatre stage

Fulfilled the soldiers plight
His courage in the fight
On that September night
In what he believed was right
And later knowing the fright
Embedded during that night

Decication without fright Decades later final recognition And the cognition All was not in vain

The hardship and the pain Hesitation was never on his mind He is a soldier – one of a kind. ©Dawid Lotter

### Kindly Support the 61 Mech Businessman Ondersteun asseblief die 61 Meg Besigheidsman



### COERTZEN ENGINEERING CONSULTANTS

A short list of products of what we do fabricate in house.

We have been audited by the likes of DRA, Multotec, Mineral Technologies, Takraf, Howden, Senet, Drytech and Grinaker LTA. We do fabrication, installation, and commissioning on the following:

- 1) Stainless-steel equipment which includes process equipment for the industry such as: Storage Tanks ........Water Purification Vessels .......
- 2) Fabrication on carbon steel equipment as well such as: Carbon Steel Piping.........
  Structural Steel .........
- 3) Fabrication on copper water cooled equipment. Copper Water Cooled Panels ........
- 4) Modular plants

10 BOUNDARY ST DICKONSONVILLE VEREENIGING

T: 016 100 4599 C: 082 796 2778

E: sales@ceceng.co.za

W: http://www.ceceng.co.za







Our growth is an attribute to our customer relationships that we have built up over the years in our fields of experience in the engineering industry. We do believe it is a true reflection because of the value that we put into the ongoing improvement of the services we offer our clients to not only meet our clients' requirements but exceeding it. To succeed in that we try to have a better understanding of the challenges each project might have and prioritize our client's needs.

